# KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 90 1 Julie 2016





In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

### Brexit nasionalisme

Daar is baie mense wat nie eens weet wat “Brexit” beteken nie. Die wat wel weet, het nie noodwendig erg aan dit wat in Engeland gebeur nie.

Wat is Brexit? Aan die begin van sy ampstermyn het David Cameron die Britte beloof dat hy ŉ referendum sou hou oor Brittanje se voortgesette deelname aan die Europese Unie (EU).

Hierdie referendum het verlede week plaasgevind. Die Britte was sterk verdeel tussen diegene wat ŉ einde wou maak aan EU-deelname omdat hulle weer self besluite wou neem, en diegene wat gevoel het dat EU-deelname onontbeerlik is. Dit was opvallend in die aanloop tot die referendum dat so baie gebruik gemaak is van “fear mongering”[1] – vreesaanhitsing – om die Britte se stem ten gunste van “bly in die EU” te swaai. Dit het nie suksesvol blyk te wees nie. Brittanje het oortuigend besluit om nie meer deel van die EU te wees nie. Van die stemgeregtigde bevolking het 72% deelgeneem en 52% het gekies vir nasionale belang.

Die gevolge van die besluit om die EU te verlaat, is nog nie almal duidelik nie. Tyd sal ons leer. Dit is duidelik dat die res van die EU (lees die mense in beheer) woedend is oor die besluit. Vir ons hier in die RSA beteken dit dalk dat ons reeds verswakte ekonomie ŉ knou van ŉ breukdeel van ŉ persentasiepunt gaan kry. Dit is ook moontlik dat die pond so kan verswak dat daar ook minder Britte hier sal kom vakansie hou. Die toekoms is duister. Met tyd sal ons leer wie se voorspellings in die kol was. Daar is mense wat amper profeties dinge kan raaksien.

HF Verwoerd was een so ŉ persoon. Sy beleid van afsonderlike ontwikkeling is later verwring tot die gewraakte beleid van apartheid, in Engels: *apart hate*. Vir dr Verwoerd was dit duidelik dat mense verkies om in nasionale konteks op te tree en in nasionale belang te werk en te dink. Dit was sy ideaal dat alle volke vreedsaam naas mekaar bestaan, elk in eie reg met eie sisteme en eie trots. Dit spreek vanself dat enige vorm van rassisme onaanvaarbaar is.

Dit is net dwase wat aandring daarop dat een volk beter is as ŉ ander. Geen benadering wat ŉ ander bevolkingsgroep as minderwaardig behandel of in enige vorm teen daardie groep diskrimineer, sal geduld word nie. In die RSA ervaar ons ŉ groter

[1] Fear mongering or scaremongering is the deliberate use of fear based tactics including exaggeration and usually repetition to influence the public in order to achieve a desired outcome – WIKIPEDIA.

sensitiwiteit oor die saak as elders. Afsonderlike ontwikkeling het juis verstaan dat mense nie eenders is nie; tog is almal menswaardig.
Die Britte se stem om die EU te verlaat, is die gevolg van nasionalisme. Daar steek waarskynlik groot waarheid in die analiseerders se bewering dat die immigrante krisis in Europa ŉ belangrike katalisator was vir die Britte se besluit. Die Britte was moeg daarvoor dat daar in Brussel besluite geneem word wat Brittanje se toekoms bepaal. Hulle wil immers self in beheer van hulle toekoms wees, in so verre dit moontlik is.
Die Skotte het reeds laat blyk dat hulle weer ŉ referendum wil hou met as doel dat Skotland afskei van die Verenigde Koninkryk. Skotse nasionalisme maak dit ŉ sterk moontlikheid dat ook Skotland sal kies vir selfbeskikking. Daar is baie skeptici in Europa wat ook op eie bodem sou wou kies vir selfbeskikking.
In Frankryk, Nederland en Italië gaan daar sterk stemme op dat hulle ook uit die EU wil tree. Griekeland sal waarskynlik ook baie sterk oorweging skenk daaraan om die EU te verlaat en weer die Dragma as geldeenheid te begin gebruik.
Natuurlik het grense vervaag en die grense en ordes van die verlede kan nie weer ingestel word nie. Tog is daar ruimte vir bevolkingsgroepe met ŉ eie nasionale identiteit om oor hulle eie sake te beskik. Die momentum van hierdie sentiment-golf het die EU in die vorm van die Brexit stem oorspoel.
Dit alles beteken dat ons as Afrikaners beslis nie uit ritme is met die nuutste internasionale denke nie. Die begeerte tot selfbeskikking is nie iets om oor skaam te wees nie. Die uitdaging is nie om dit te regverdig nie, maar om ŉ werkbare model daar te stel. Die GHG as onbeskaamde volkskerk gun elkeen sy plekkie in die son, ook vir ons eie mense.

- **BONDSVERGADERING 2016**

Geagte Kerkraad,
Ontvang hiermee die nodige inligting en reëlings in verband met die Bondsvergadering 2016. U word vriendelik versoek om alle sperdatums in ag te neem en daarby te hou.

DATUM: 4 tot 6 September 2016.
PLEK: Gemeente Grootvlei.
TYD: Sondag 4 September 2016
Registrasie vanaf 16H00.
Opening om 18H00.
KOSTES: R230 per afgevaardigde. Gelde moet betaal word in die rekening van die Geloofsbond.
Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Tak: Pretoria-Noord
Takkode: 250 655

- **LEWENSBROOD 2017**

Aandag alle Geloofsbond predikante: Die indeling vir oordenkings vir 2017 is lankal uitgestuur. Maak seker u het u e-pos ontvang. Administrasie beamptes word versoek om te verseker dat emeriti hulle werksafbakening ontvang het. Alle bydraes moet voor 14 Julie 2016 in wees.

- **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)
Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur ŉ gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekombers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.
Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmekaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekaar gebind is.
Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.
Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com.

- Die eerste uitbetaling(s) word tydens die Bondsvergadering se opening gedoen.

## KENNISGEWINGS

### Advertensies

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:

https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

http://www.geloofsbond.org.za/

Daar is ook preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

**•Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.c**